VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

30 JUNIE 2020
HERDERSBRIEF #30B

Geliefde gemeente,

Hierdie week se brief – wil ek vertrou – dat dit ook ‘n gesels-brief sal wees. Vandag is spesiaal en wil ons hiermee, Evelyn Kruger gelukwens, wie vandag verjaar.

Haar verjaarsdag, laat my weer eens dink, hoe kosbaar en spesiaal elkeen is – sonder enige uitsondering.

Die afgelope, meer dan vyf weke, was een van die mooiste tye, in my geestelike lewe. Daagliks, kon ek ervaar en kan ek getuig, dat die Here op ‘n persoonlike wyse my gelei het, na terreine van ***“groen weivelde en waters waar rus is.”*** Dit was ‘n tydperk: van nuwe fondasielegging; ‘n deurbraak in my persoonlike lewe; waar God my genadiglik begelei het, en my voete geplant het, op ‘n **rots wat vir my te hoog was**. Dit het helderheid gebring, sekerheid, toekomsgerigtheid en ‘n ingetoënheid in my gees: ‘n gees van afhanklikheid en aanhanklikheid.

Daar is liefde in my uitgestort, ‘n deernis, ‘n waardering en ‘n dankbaarheid. Met my hele hart; my hele siel; my hele verstand wil ek aan u verklaar: **DAT EK U LIEFHET**.

Terdeë is ek bewus, dat dit nie die byeenkomste is, wat elkeen staande hou nie. Ek het volle vertroue in die Gees van Christus, om u staande te hou.

Die belangrikste egter is, dat ek kan getuig: **DIE WOORD VAN DIE HERE HET TOT MY GEKOM**. Die besonderheid daarvan sal met verloop van tyd – onder die leiding van die Heilige Gees – soos wanneer nodig, oorgedra word.

Hierdie brief wil ek weer eens aan u die versekering gee: ek kan nie wag om in u oë te kyk nie, en terselfdertyd, wees verseker van elke dag se voorbidding, en die feit dat die Gees van Christus u staande hou.

Liefdegroete en seënbede:

*Die Here laat Sy aangesig oor u skyn en gee aan u vrede.*

U gewillige: dienskneg; leraar en herder.

Ds. J.F. Landmann

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335